Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die verhandeling: DIE AFRIKAANSE VOLKSWETENSKAP my eie werk is en dat geen dergelike tesis by enige ander uniwersiteit in die land ingegee is nie.

25 Oktober 1943.
Johannesburg.

C.W.J. Hudson.
Posbus 32,
Ventersdorp.
T. v. l.

# D I E   A F R I K A A N S E   V O L K S W E T E N S K A P

'N V E R H A N D E L I N G   V I R   D I E   G R A A D   M . A .

d e u r

C. W. H U D S O N .

UNIVERSITEIT WITWATERSRAND   JOHANNESBURG , 1 9 4 3.

UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND LIBRARY 2 MAR 1944



# I N H O U D


**H O O F S T U K I: B E G R I P V O L K S W E T E N S K A P.** — Bls.

Die Begrip Volkswetenskap .............................. 4
1. Volkswysheid .............................. 4
2. Animisme .............................. 4
3. Volkskunde .............................. 5
4. Belang van die Landelike Kultuur vir die Volkswelsyn ... 8

**H O O F S T U K II: V O L K S G E N E E S K U N D E.**

1. Oorsig .............................. 14
2. Animistiese Verskynsels in die Afrikaanse Volksgeneeskunde ... 15
3. Simpatie .............................. 22
4. Oordrag .............................. 25
5. Inenting .............................. 34
6. Towery en Volksgeloof .............................. 37
7. Magiese Getalle .............................. 41
8. Rympies .............................. 42
9. Die Medisynevrou .............................. 46
10. Kruiemiddels .............................. 48
11. Dieremiddels .............................. 64
12. Volksgeneeskunde by Geboorte .............................. 81
13. Genesing deur Bedel en Steel .............................. 82
14. Slot .............................. 82

**H O O F S T U K III: V O L K S W E E R K U N D E.**

1. Natuurkunde .............................. 84
2. Reent .............................. 86
3. Die Maan .............................. 86
4. Weervoorspelling .............................. 87
5. Weerympies .............................. 89

**H O O F S T U K IV: V O L K S W Y S H E I D.**

1. Volksfilosofie .............................. 95
2. Volksetimologie .............................. 106
3. Volksnaamgewing .............................. 111

**H O O F S T U K V: V O L K S D I E R K U N D E.**

1. Oorspronge .............................. 152
2. Verskynsels in die Afrikaanse Volksdierkunde .............................. 153

**H O O F S T U K VI: V O L K S P L A N T K U N D E.**

1. Oorspronge .............................. 170
2. Verskynsels in die Afrikaanse Volksplantkunde .............................. 171

**B E S L U I T** .............................. 181

**L E K T U U R L Y S** .............................. 183.

# H O O F S T U K I.

## D I E B E G R I P V O L K S W E T E N S K A P.

Volkswetenskap is 'n onderdeel van die vak Volkskunde. Dit is nodig om van die staanspoor af tot 'n juiste bepaling te kom van die term waarmee ons in hierdie studie gaan werk. In 'n aantal artikels onder die opskrif „Die Afrikaanse Volkswysheid", wat eers in „Die Huisgenoot" en later in 'n bundel opstelle, „Beskouinge en Feite", verskyn het, het dr. S. P. E. Boshoff onder die benaming „Volkswysheid" verskynsels soos Volksweerkunde, Volksgeneeskunde en Volksetimologie geskaar.[1.]

Ons beskou dat die term Volkswysheid in hierdie opsig egter te eng is en verkies daarom om dit met 'n breër begrip, nl. Volkswetenskap te vervang. Laasgenoemde stel 'n breër ondersoekingsterrein voor, en as ons voortaan van Volkswetenskap praat, dui ons op die hele studieveld in die Volkskunde wat met die volksmens se kennis en ervaring in verband met Oorsaak en Gevolg te doen het. Verskynsels soos Volksetimologie, Volksgeneeskunde, Volksweerkunde, Volksdierkunde of Volksplantkunde (Plant-lore) word hierin dus as onderdele van die studieveld van Volkswetenskap beskou. Volkswysheid beskou ons dus ~~ook~~ as 'n onderdeel van Volkswetenskap.

Dit is duidelik dat ons ook die taak en terrein van die Volkskunde nader moet bepaal as ons tot 'n klare begrip wil geraak in verband met die intellektuele kader van Volkswetenskap. Sodoende kan ons 'n perspektief kry van die verhouding tussen die studievelde van die Volkskunde en die Volkswetenskap. „Volkskunde" beteken die wetenskap van die volk. Die woord „volkskunde" kom sinds 1812 in die Duitse taal voor.[2] Deur Wilhelm Heinrich Riehl is Volkskunde tot 'n aparte wetenskap gemaak deur sy bekende opstel „Die Volkskunde als Wissenschaft" (1858). Hieruit blyk dit duidelik dat die volkskunde 'n wetenskap is wat 'n ondersoek instel in die wese van een bepaalde groep mense wat op 'n bepaalde bodem aangetref word. So'n ondersoek word gewoonlik gedoen deur 'n volkskundige wat aan daardie groep behoort. Dit sluit 'n ondersoek van die universele erfgoed van die menslike gees in, asook van die historiese groei van die mensdom en die leengoed uit andersoortige groepe. Maar die ondersoek is nie vergelykend nie, en is daarom nie volkekundig nie. Volkskundige ondersoek het te doen met die onderlaag van so'n gemeenskap.[3]

Die natuurlike mentaliteit en die instinktiewe volkskeppings, en n i e die bewuste, rasionele en intellektuele skeppinge nie, is die kern van die volkskundige se ondersoek. Die aard en wese van die psigiese verskynsels waaraan so'n volksgemeenskap geboorte gee, is nie deur die rede beheers nie, en dit is die geestelike terrein van die volkskunde.[4]

---

1) Vgl. S. P. E Boshoff, „Beskouinge en Feite", p. 91-128, asook „Die Huisgenoot", 13/11/31.

2) Spamer, p. 7.

3) Ibid, p. 10.

4) Spamer, p. 19.

Volkskunde is die naam van 'n wetenskap wat die meeste verskynsels van die volkskultuur in die ruimste sin van die woord tot onderwerp het.[1] Die woord self is aan Duits ontleen, en is op sy beurt afkomstig van die Engelse benaming „folklore" deur G. J. Thoms in 1846 gesmee om die bewaarde oorleweringe onder die volk daarmee aan te dui. Terwyl f o l k - l o r e meer die m a t e r i a a l van die volkskultuur aandui, dui volkskunde op die w e t e n s k a p l i k e b e h a n d e l i n g daarvan.

Wie en wat is die „volk" waarvan ons hier praat? Dit is nie die volk in sy breë geheel nie, maar slegs die gedeelte wat nog in tradisionele gebondenheid leef, en waar die ou volksoorleweringe dus bewaar gebly het. Dadelik voel 'n mens hier dat dit die landelike bevolking is wat die meeste aandag geniet en vir 'n geruime tyd is die begrip dan ook gehuldig dat Volkskunde slegs 'n studie van die boerelewe is. Maar dit het gou duidelik geword dat so'n opvatting te eng is om objektief-wetenskaplik te wees. Ook in die stad leef gebruike voort wat vir die volkskundige van belang is, maar die stedelike kultuur is gewoonlik meer internasionaal as nasionaal gerig. Die hoëre lae van die maatskappy - ekonomies sowel as geestelik - bewaar oor die algemeen weinig reste van die volkskultuur. Dit is dus duidelik dat 'n gesonde houding vir die volkskundige om in te neem, een is wat voorsiening sal maak vir beide die landelike en stedelike sfere van die volksgemeenskap. 'n Studie van die volk se hele legaat is die volkskundige se studieveld.

Nadat ons nou die terrein van volkskundige studie bepaal het, is dit nodig om te weet wat die d o e l van volkskundige ondersoek is. Die Volkskunde, wat eers in die 19de eeu tot werklike bloei gekom het, het vir 'n geruime tyd aan 'n vaste doelstelling ontbreek. Die broers Grimm het gemeen dat die oorlewerings onder die onderlaag 'n neerslag is van ouer Germaanse of selfs Indo-Germaanse kultuursprokies, mites, volksliedjies, helde-epiek en volksgebruike van heidense ritueel. Hulle het hulle dan ook toegespits op 'n versameling van hierdie goed wat by elke volk vandag dreig om verlore te gaan. Op voorbeeld van die Grimms het groot bedrywigheid ontstaan wat die insameling van volkskundige gegewens betref.

In die middel van die 19de eeu het 'n wending ingetree in volkskundige ondersoek en wel deur die invloed van etnologie en veral volgens die voorbeeld van Tylor; die verband tussen die ooreenstemming van gebruike en voorstellinge by die plattelandse bevolking van Europa en by primitiewe volke is opgemerk: oral is die spore van a n i m i s m e as sentrale draad van ooreenkoms aangetref. Sommige toorpraktyke het byvoorbeeld gemeenskaplike spore vertoon. Die „Olle Wief" in die oesfees van Oos-Nederland vertoon spore van ooreenkoms met die „rysmoeder" van Oos-Indië, of die „maïs-moeder" van Meksiko.[2] Hieruit is afgelei dat die volkskultuur

---

1) Vgl. Encyclopaedie, Winkler Prins, p. 233.

2) t.a.p., p. 233.

nie soseer 'n voortsetting van 'n Indogermaanse beskawing is nie, maar veeleer die neerslag van a l g e m e e n - m e n s l i k e voorstellinge. Sinds hierdie gedagtewending verskuif die belangstelling na die opspoor van daardie elemente van die volkskultuur wat van 'n primitiewe oorsprong getuig, en volksoorlewerings word van nou af ondersoek juis met die doel om sulke elemente aan te wys. Die gevolg was 'n positiewe ondersoek in detailkwessies, met die gevolg dat die volkskultuur self heeltemal op die agtergrond geraak het. Dit is verder versterk deur die insig dat kultuurgoedere van die een volk na die ander kan versprei. Op die gebied van die volksliteratuur het Benfey aangetoon dat Indiese vertelstof tot die Europese volkstradisie uitgebrei het (studie van die sprokie) en so word daar pogings aangewend om aan te toon wat as outogtone volksbesit beskou mag word en andersys wat nie as sulks beskou mag word nie.[1]

Dit het aanleiding daartoe gegee dat die verband ietwat in die volkstradisie verlore gegaan het. Ondersoek is ingestel op die gebeid van volksgebruike, volksliteratuur en volksgeloof; verder die materiële volkskunde, die volksdans, volkskuns, volksdrag ens. Hiermee het Volkskunde bloot 'n stof-ondersoek geword.

In die 20ste eeu kom daar egter verset hierteen in Duitsland, waar daar terugkeer plaasvind tot die opvattinge van W. A. Ruhe soos dit beliggaam is in sy werk „Die Naturgeschichte des deutschen Volkes" (1851 - 1855), waarin hy tot 'n werklike kennis van die v o l k s e l f kom. Die uitinge en verskynsels van die volkskultuur op die verskillende gebiede daarvan moet vir hom dien om tot die v o l k s i e l deur te dring; die v o l k s a a r d moet aldus bepaal word; hieruit kan die gang van die sosiale en geestelike ontwikkeling 'n bevredigende verklaring kry en hierdeur kan tewens 'n rigsnoer vir 'n doelbewuste volkspolitiek gevind word. Van slegs ondergeskikte belang word nou dus die vraag waarom dieselfde „primitiewe" elemente in die Franse en Duitse Volkskunde aangetoon kan word, want dit is nou juis die vraag, waarom daar uit dieselfde elemente so baie verskillende kulture gegroei het. Hieruit word dit duidelik dat vir 'n dergelike veelomvattende ondersoek daar ook ander wetenskappe soos rassekunde, volkspsigologie, kuns- en kultuurgeskiedenis hierby betrokke moet wees.

Professor dr. Jan de Vries, beroemde Nederlandse volkskundige, meen dat dit bykans onmoontlik is om 'n enigsins volledige oorsig van die wetenskaplike beoefening van die volkskunde te gee.[2] Elk het sy eie volkskunde, en die volkskundiges van elke bepaalde volk moet hulle rig na die geestelike en stoflike legaat van hulle eie volk. Voorop staan natuurlik die versameling van volkskundige materiaal. By ons in Suid-Afrika is die materiële goedere baie onvoldoende ondersoek, miskien omdat

1) t.a.p., p. 234.

2) t.a.p., p. 234.

Volkskunde as bewuste studievak hier nog weinig beoefen word. Ook moet geestelike goedere ingesamel word vir 'n studie van die volkskern van 'n gemeenskap. Veel raak met die tyd verlore, daarom is die versameling van wat nog onder die volk leef, uiters noodsaaklik.

Aangesien volkskundige studie veral gerig is op die legaat van die volksmens, is dit nodig om die begrip volksmens nader te omskryf. Die volksmens is 'n lid van die onderlaag van die kultuur van 'n volk. Elke volk het uit die aard van die saak twee kultuurlae, 'n opperlaag en 'n onderlaag. In 'n artikel in „Die Afrikaanse Denker", skryf dr. Abel Coetzee as volg oor hierdie onderwerp[1]: „Dit is 'n eienaardige verskynsel in die lewe van 'n kultuurvolk dat al die lede daarvan nie dieselfde peil van ontwikkeling van gees bereik nie. By die verskillende lede van dieselfde volk kry ons dus verskillende kultuurvorme, verskillende beskawingstrappe. Gerieflikheidshalwe onderskei ons gewoonlik egter net twee kultuurlae: 'n opperlaag en 'n onderlaag."

Die onderlaag is minder individualisties as die opperlaag. Persoonlike eienskappe versmelt met die groep. Die groepsgevoel van massa-saamhorigheid is sterk by die onderkultuurlaag. Dit is die kultuurlaag waarvan die lede landmanne, vissers, arbeiders en boere is - volksmense. In hulle daaglikse leefwyse tier hulle kultuur voort. Konserwatief bewaar hulle die oorleweringe van die groep. Onkrities neem hulle geestesgoedere van vroeër geslagte aan. Die volksman se lewe hang nou saam met die verskynsels in sy omgewing. Sy kultuur is 'n spieël van die natuur om hom. Uit die bodem groei sy kultuur, en volksmens en bodem is onafskeidbaar met mekaar verbonde.

'n Volk word gemeet aan sy kuns en wetenskap - gewoonlik egter slegs die kuns en wetenskap van die opper-kultuurlaag. Maar daar is ook die dinge van die onderlaag wat heg versmee is met díe van die opperlaag. Onder andere het die volkskunde aan die lig gerbing dat daar 'n ewige wisselwerking, 'n uitruiling van geestesgoedere waar te neem val in die lewe van elke volk. Die twee sfere van die opper- en onderkultuur bestaan nie in isolasie nie, maar in hegte kontak en verband met mekaar. In hierdie opsig is die onderlaag van 'n volk dus net so waardevol vir die beskawingslewe van daardie volk as die bowe-kultuurlaag. Ons vereenselwig ons hier met dr. Abel Coetzee se woorde: „Maar ons dus 'n studie wil maak van 'n volk en sy kultuur, is ons genoodsaak om al die lae noukeurig waar te neem, wil ons die gevaar van eensydigheid misloop."[2] Ons sal later aantoon hoedat die verskynsel van kulturele wisselwerking tussen die twee kultuurlae in die Afrikaanse Volkswetenskap waargeneem kan word.

Oor die w a a r d e van hierdie verskynsel in die lewe van enige volk, skryf dr. Abel Coetzee as volg: „Gewapen met die kennis van hier-

---

1) „Die Afrikaanse Denker", Deel I, Nr. 2, Sept. 1938, p. 77.

2) t.a.p., p. 77.

die groot volkskundig-kulturele wet van die immerwerksame wisseling, kan ons nou vasstel dat dit onverbiddelik noodsaaklik is vir die volksleier - dit maak nie saak op welke gebied sy werksaamhede val nie - om nie net die opperkultuur te ken en in ag te neem nie, maar ook die onderkultuur. Want as ons hele volkskultuur in al sy lae en vertakkinge van bo na onder gesond wil bly en in 'n gesonde rigting wil groei, dan moet ons sorg dat die voedingsbodem van ons kultuur gesond bly. Om dit te bewerkstellig, is dit nodig om alles wat skadend werk, uit te roei of af te weer en gesonde volksgebruike en gewoontes wat nog bestaan, te kweek en aan te moedig deur hulle in beskerming te neem."[1] „Ken jouself", het Sokrates gesê, en sy woorde is ook van toepassing op ons volkslewe: „Ken jou volk."

Duidelik is dit dat die wese van Volkskunde van volk tot volk sal verskil. Definisies ontstaan al na gelang van die bepaalde volk wat bestudeer word. En tog is daar bepaalde verskynsels wat 'n kern van alle volkskundige studie vorm, t.w. 'n waardering van die norme en uitinge van die volkslewe. Hiermee strook Weinhold se definisie: „Die Volkskunde hat die Aufgabe, das Volk, das ist eine bestimmte, geschichtlich und geographisch abgegrenzte Menschenverbindung von Tausenden oder Millionen, in allen Lebensäusserungen zu erforschen." 2

Die volkskunde bapaal hom by die nasionale en volksaardige in die volk; dit stel belang in die lewenshouding van die volksmens in 'n volksgemeenskap. Die gevoelslewe en die lewensnorms en lewensvorms van die gemeenskap is van belang.

So'n studie prikkel dus liefde vir die openbaringsvorme van die volkslewe in die volkskuns en die volkswetenskap. Dit is 'n openbaring van die volkskultuur. Dit dui die aan- of afwesigheid van 'n nasionale samehorigheidsgevoel aan. Ons kan verder deur middel van so'n studie tot kennis geraak in verband met die aan- of afwesigheid van 'n gevoel van nasionale selfstandigheid. Waar daar 'n selfstandigheidsgevoel in 'n gemeenskap bestaan, sal die kleur van daardie volk se volkskundige verskynsels dit duidelik genoeg aan die lig bring.

Die draers van so'n volkskultuur noem ons die volksmense. By hulle is daar nie eer vir indiwidualiteit nie, inteendeel die enkeling se skeppinge word opgelos en verassosieer met die gemeenskap. Tot die geestelike lewe van die gemeenskap dra elke enkeling o n b e w u s by. Hier bestaan onbewuste prestige, en daarom kan die volkskundige so maklik die volksmens in al sy doen en late betrap waar hy van sy eie volksaard afwyk. Sodra 'n volkskundige verskynsel van buite af aangebring is, in stryd met die gees van die eie-volkse, bestaan daar na-apery en nie meer kultuur nie. 'n Onrusbarende voorbeeld in hierdie verband bestaan in die huidige trek na die stede van 'n groot gedeelte van die groep wat die draers van ons volkskunde behoort te wees. Die tyd sal leer of die

---

1) t.a.p., p. 79.

2) Schrijnen, J.: „Nederlandsche Volkskunde", Tweede Druk, Deel 2, p. viii.

assimilasie van vreemde kultuurdinge volgens die Afrikaanse volksaard vervorm is om daarby aan te pas, en of dit ondeurwrog nagevolg is. Intussen gaan hierdie proses voort by 'n gedeelte van ons volk. Sal hulle in die toekoms nog beskou kan word as die draers van ons volkskunde? Die tyd sal moet beslis. In elk geval moet die wortels, die landelike kultuur van ons volkskultuur, gevoed word en gesond gehou word. Hierin kan die volkskunde ons steun, want dit sal ons met die nodige selfkennis op kultuurgebied bewapen. Volkskunde verskaf selfkennis op die gebied van die volkskultuur, en met behulp van sulke selfkennis kan ons 'n rigting vir eie Afrikaanse toekomstige ontwikkeling vind.

Maar die volkskunde het aan die lig gebring dat die volkskultuur tot 'n mate vervalle kultuur is wat van die opper-kultuurlaag na die benedekultuurlaag omlaaggesink het. Net soos die onderlaag die opperlaag voed, voed die opperlaag ook die onderlaag in sommige opsigte. Volkskundige navorsing kan dus aan die lig bring of die peil en aard van die opperkultuurlaag ook suiwer eie-volksaardig bly al dan nie. Dit sal aandui of daar 'n gesonde of andersindse kulturele wisselwerking tussen die twee gemeenskapslae aan die gang is, én of dit aanwesig is of nie.

In sy wese is volkskunde dan 'n kultuurstudie in die eerste plek. Dit is 'n navorsing van die kultuurpeil van 'n nasie in alle aspekte van sy volkslewe, en dis 'n wapen vir die verdediging en instandhouding van nasionale vorms. In 'n breër sin lei dit tot 'n strewe om die eievolkse suiwer te hou.

Daar bly nog vir ons oor om in 'n enger sin tot die begrip Volkswetenskap terug te keer. Die volkslewe is meer op die gevoel as op die verstand gerig, meen J. Schrijnen, die bekende Nederlandse volkskundige, tereg: „Zelfs op het veld der wetenschap doet dit gevoelsleven zijn rechten gelden en verkiest het de bekoorlijke , dichterlijke, fantastische verklaring boven den sakeren, logischen redeneertrant."[1] Die volksmens hou meer van 'n sprokie as van 'n redenasie waarby hy sy gees moet inspan. Die gevoel vertroebel die objektiwiteit van die volksmens se waarheidstrewe en die klem is veral sterk op die emosionele aard van die mens, en hierom sal dit nie onjuis wees om te sê dat die volkswetenskap tot 'n hoë mate byna kan geld as 'n volks-kunsverskynsel; maar die onderskeid tussen wetenskap en kuns is nog glad nie 'n uitgemaakte saak nie, en ons laat dit daar.

In sy wydste betekenis is Wetenskap sistematiese oorsaaklike kennis; dit vereis 'n metodiese strewe om uit te vind wat w a a r is. Laasgenoemde is 'n element wat volkswetenskap met kultuurwetenskap gemeen het: beide is 'n strewe na o o r s a a k l i k e k e n n i s en om 'n verklaring te gee van die volk se taalvorm, die blomme op sy bodem, die bome, minerale, rotse, en ander en allerlei dinge in die daelikse lewe. In wese verskil die volkswetenskap dus nie van die kultuurwetenskap nie.

---

1) Schrijnen, J.: „Nederlandsche Volkskunde", Tweede Druk, Deel 2, p. 325.

Volkswetenskap verskil egter in die sin van kultuurwetenskap dat die volkswetenskaplike n i e  b e w u s  w e t e n s k a p l i k - o b j e k t i e f  a a n  d i e  o n d e r s o e k  g a a n  n i e. Daarom is sy oordeel nie van fantastiese elemente gereinig nie. Maar kan ons sê dat die kultuurwetenskap van fantasie gereinig is? Sekerlik nie. Terwyl die mensdom die aarde bewandel, sal hy uit die aard van sy gees nooit wetenskaplike objektiwiteit in die ideale sin bereik nie.

Verder is die volkswetenskap nie 'n suiwer-metodiese waarheidstrewe nie. Omdat die verklarings van natuurlike oorsaak en gevolg nie bewus is nie, kan dit gevolglik ook nie metodies wees nie. Daarom is alle gebiede van die volkswetenskap ongesistematiseerde kennis wat deur die volkskunde alleen gerangskik kan word.

Die Volkswetenskap is byna heeltemal onkrities. Geen kritiek word ooit aangewend om die negatiewe kant van 'n saak op rekening te plaas nie. Gebrek aan metode maak gewoonlik die gevolgtrekkings lomp. Dit is asof die opinie wat uitgespreek word vir intellektuele ondersoek,'n leemte aan volkomenheid het. Die gevolgtrekkings van die volkswetenskaplike bly slegs 'n halwe waarheid. So sien die volk byvoorbeeld 'n oorsaaklike verband tussen die weer en die maan, maar as 'n verklaring hiervan gegee moet word, dan is dit eerder 'n mite as 'n wetenskaplike redenasie wat ontstaan.

En tog is die volkskennis nou verbonde aan kultuurwetenskaplike kennis. Tot 'n sekere mate steun die een op die ander, vind daar 'n uitruiling van geestesgoedere plaas. Sodra so'n uitruiling plaasvind, en sodra die kultuurwetenskap uit die ervaring van die volk put, tref ons kulturele wisselwerking aan wat baie belangrik vir die kulturele lewe van enige volk is.

Dit is duidelik dat die gegewens van die volkswetenskap nes die ander verskynsels van die volkskunde deur mondelinge oorlewering voortbestaan. Om hierdie goed te bestendig, moet dit opgeteken word, anders sal dit verlore gaan, en soiets sal 'n werklike kultuurverlies wees.

Die term volkswetenskap is 'n veelomvattende begrip. Dit stel voor alle vertakkinge van die wetenskap, natuur- sowel as geesteswetenskappe. Maar ons wil hier 'n beperking stel. Ons slaan slegs ag op die kennis wat die volk besit, en in besonder natuurlik die Afrikaanse volk. Daar ons 'n ander begrip aan Volkskunde heg as dr. Boshoff, verstaan ons onder volkswetenskap die ongesistematiseerde kennis van die volk. Dr. Boshoff sou dus Volkskunde noem wat ons hier slegs Volkswetenskap noem: „En as ons onder volkskunde alleen die ongesistematiseerde kennis van die volk self ~~die~~ verstaan, dan word dit 'n teenstrydigheid om dit met die benaming volkswetenskap te bestempel."[1]

Volgens ons omskrywing hoër op, van wat onder Volkswetenskap verstaan word, is dit duidelik dat dr. Boshoff se houding teenoor Volkskunde

---

1) Vgl. „Beskouinge en Feite", p. 93.

te eng is.

In hierdie studie gaan ons nie die hele gebied van die Afrikaanse Volkswetenskap na nie, ons maak slegs 'n studie van die volgende onderdele daarvan: 1. Afrikaanse Volksgeneeskunde.
2. Afrikaanse Volksweerkunde.
3. Afrikaanse Volksdierkunde.
4. Afrikaanse Volksplantkunde.
5. Afrikaanse Volkswysheid.

Daar bestaan twee lae van taalgebruik in elke taalgebied - 'n volkstaal en 'n kultuurtaal. Op die gebied van die natuur- en geesteswetenskappe tref ons dieselfde twee lae weer aan. So is daar 'n kultuurgeneeskunde en 'n volksgeneeskunde, 'n kultuur-weerkunde (meteorologie) en 'n weerkunde van die volk; naas die skool- dierkunde en -plantkunde, het die volk as gevolg van sy aanraking met hierdie verskynsels in die natuur, ervaring en kennis in verband daarmee opgedoen. So sal ons onderskeid maak tussen: 1) mense wat 'n wetenskaplike kennis het, en 2) mense wat onwetenskaplike kennis het.[1] Dit is die pole van kultuur- en volkswetenskap. Die kennis van die een laag is intellektueel en internasionaal, terwyl die kennis van die ander, die onderlaag, naïef, ongeskool en op gevoel en fantasie gerig is.

Presies waar die skeidslyn bestaan, is nie so maklik om uit te maak nie. Volkwetenskap is die kennis wat die volk self besit, dis nie die aangeleerde kennis in verband met homself nie - laasgenoemde is Volkskunde. Volkskunde is 'n kennis van die volk se hart en niere, soos dit uit die gees van die lede daarvan gegroei het om eindelik 'n totaalbeeld van die volksiel te word. 'n Sintese van die persoonlike kultuurbesit van al die lede van die onderlaag van 'n volksgemeenskap, sal 'n beeld vorm van die kultuurbesit van die volk.

In hierdie opsig is 'n studie van die Afrikaanse volkswetenskap 'n bydrae tot die kennis in verband met die kultuurbesit van die Afrikaanse volk.

Ten dele is Volkwetenskap 'n studie van ouer kultuurperiodes in die geskiedenis van die volk. Die feit dat ons van 'n selfstandige Afrikaanse Volkswetenskap kan praat, dui op 'n besef van nasionale eenheid en van 'n nasionale selfbewussyn. Uit die studie van hierdie verskynsels versamel ons kennis wat tot 'n beter begrip lei van ons beskawing en kultuur.

Die Volkswetenskap hou hom besig met 'n studie van die volksmens. Dit het te doen met die geloof van die volk aangaande opvattinge in verband met die aarde in die hemelruim, die wind, weer, die diere en plante wat hy om hom gewaar. Verder het dit belang by die mens as bewuste wese en met sy verhouding tot sy groepsgenote. Dan het dit as 'n gebied van ondersoek ook opvattinge in verband met bonatuurlike wesens en verskynsels. Samevattend word die volkskarakter derhalwe weerspieël deur die

---

1) „Beskouinge en Feite", p. 91.

volkswetenskaplike verskynsels deur daardie volk geskep en vervolgens gehuldig. Die siel van die volksmens word openbaar in die verskynsels van sy volkswetenskap.

Die omgewing vorm die kultuur van die landelike gemeenskap.[1] Die beroep van die landman het 'n groot invloed op sy lewensbeskouing. Hulle kom in aanraking met lewende dinge: diere en plante. Hulle woon in 'n natuurlike omgewing wat onderwerp is aan alle vorme en grille van die weer. Daar is 'n ritme in hulle lewens wat van die getye afhang.

Verspreidheid van bevolking is 'n ander element wat 'n invloed uitoefen op die lewe van die landman. Dit wek 'n selfstandigheidsgevoel by hom op. Aan die ander kant gee dit aanleiding tot geografiese isolasie of tot kleingeestigheid en engheid van lewensuitkyk. Dit sny sosiale kontak af en bevorder 'n isolasie van kultuur. ~~Die bestaan~~ Die lewenssfeer van die landman bestaan uit drie lae:

1. 'n fisiese omgewing.
2. 'n biologiese omgewing.
3. 'n sosiale omgewing.

Die landman is blootgestel aan die direkte aanraking van aldrie genoemde omgewingsinvloede. Hy is egter afgesny van die industriële omgewing wat die stadsbewoner ken: stoom, ligte, snelverkeer, ens. Die landman het slegs die natuur in hierdie opsig om hom te omhul.

Die landelike kultuur is gevolglik ~~te gevolglik~~ meer homogeen as die stedelike opper-kultuur. Die landman maak oral kontak slegs met ander van sy eie soort, daar bestaan weinig uitruiling van sosiale verskynsels by hom. Sy sosiale aanraking is veral beperk tot groepe wat sy religieuse beskouinge huldig, asook sy opvattinge deel i.v.m. tradisies, ekonomiese lewenspeil, taal en algemene gedragslyn. So neem 'n landelike bevolking in 'n bepaalde omgewing 'n sterk plaaslike kleur aan.

Die landelike bevolking is saamgestel uit rasegte elemente oor die algemeen. Vreemde elemente kom in stede en dorpe voor, maar nie tot dieselfde mate op plase nie. Daarom bewaar die landelike kultuurmense die ras-eie tradisies die suiwerste. „The traditional ways of doing things, the accepted national folkways and modes, are very largely the creations of rural folk and their ancestors."[2] Die volksmens in hierdie sin, verteenwoordig die kultuurbesit waarin hulle gebore word en opgroei. Tradisionele kultuurpatrone word dus veral aangetref in die landelike gemeenskap. Hierdie kultuurwaardes is dan ook van meer belang vir die volksmens as wat dit vir die kultuurmens is.

Die volkskultuur kan die teelgrond genoem word van die nasie. Dit strem invloede wat verandering kan bring omdat dit konserwatief is. Hierom is die sielkundige agtergrond van die volksmens min of meer saamgestel uit elemente soos konserwatisme, diepe vooroordele waar dit die rasinstink en eie tradisies aangaan; verder is dit vol mistieke, ortodokse elemente, maar persoonlike demokratiese eienskappe is ook die besit van die volksmens.

---

1) Ibid, p. 13.

2) Ibid, p. 40.

Die kultuurbesit van 'n gemeenskap ondergaan 'n gedurige verandering aangaande omvang, inhoud, aard en samestelling. Nuwe vorms word toegevoeg en ou vorms word verander. Veel van wat versamel is, word somtyds verwerp. Maar gewoonlik is kulturele verandering in die rigting van verdieping gerig. Die kulturele basis vanwaar verandering, afslyting of toevoeging uitgaan, bly egter in wese en kern eenselwig, want die volksmens se menslike aard is die bron waaruit die volkskultuur voortvloei, en daardie menslike aard bly onveranderlik. Dit is alleen blootgestel aan invloede van buite, soos kultuurbotsing of kontak met 'n nuwe omgewing.

As 'n volk 'n besonder ryke kulturele legaat besit, is dit nog geen maatstaf om sy grootheid mee te meet nie. Kultuur is 'n funksie van sosiale kontakte. 'n Gemeenskap kan nuwe vorme tot sy basiese kulturele aard toevoeg deur middel van eie skepping of ontlening. Die hoeveelheid en aard van kulturele eie-skeppinge is die ware norm waaraan 'n kultuur gemeet moet word. Eie skepping is spontaan en daarom 'n spieëlbeeld van die eie volksaard. O n t l e n i n g  v a n  k u l t u u r g o e d stel 'n mate van bewustheid voor van sekere elemente uit die kultuurbesit van 'n ander kultuurgemeenskap. Die moderne verbindingsmetodes werk die verspreiding van gemeenskaplike kultuurgoed in die hand. Dit verminder die verskil tussen opper- en onder-kultuurlaag. Die grootste faktor op dié gebied is die verspreiding van opper-kultuurgoed na díe gebied van die onder-kultuurlaag. Dit werk kulturele wisselwerking in die hand - 'n proses wat baie belangrik in die volkslewe van enige volk is, omdat dit die volkskultuur ophef. Aangesien die volkskultuur (in 'n engere sin) die voedingsbodem van die nasionale kultuur is, sal beide kultuurlae deur so'n wisselwerking en uitruiling van kultuurwaardes versterk en verfyn word. Die gevolg is nasionale én kulturele welsyn.

Om tot die Afrikaanse Volkswetenskap terug te keer: 'n studie daarvan sal aan die lig moet bring, na aanleiding van die bogemelde uiteensetting oor die volkskultuur, of daar wél sprake is van e i e - s k e p p i n g e op die gebied van die Afrikaanse Volkswetenskap, en of daar 'n kulturele wisselwerking in ons volkslewe aan die gang i s óf a n d e r s i n d s, soos deur 'n studie van die Afrikaanse Volkskunde aan die lig gebring word.

# HOOFSTUK II.

## AFRIKAANSE VOLKSGENEESKUNDE

Die onderdeel Volksgeneeskunde is op Afrikaanse gebied ryk aan stof. Dit is een van die aspekte van ons volkslewe wat van die begin af welig getier het, en vandag nog ongehinderd in dieselfde rigting voort ontwikkel. Die Geneeskunde is so oud soos die mensheid self. Van waarde is nog sommige verskynsels wat tot uiting kom by die kultuurmens. Hiertoe behoort onder andere die onbewuste vryf en lek van verwonde en verbrande dele van die liggaam, die lus van swangeres na bepaalde spyse, die instinktiewe gebruik van bittergoed deur diegene wat aan bloedarmoede ly en die neiging om buitengewoon baie te drink by koorsagtige toestande.

Sodra handeling in hierdie verband doelbewus word, tree die denke in werking, en ontstaan die wetenskap van die geneeskunde.[1] Hierdie handeling is baie oud. Betreffende Indië, weet ons uit die Vedas (heilige geskrifte van die Indiërs, 800 V.C.) dat siekte beskou is as 'n gevolg van die toorn van die gode, en genesing word bewerk deur gebede, toorformules, amulette en besweëring.[2]

Naas die offisiële wetenskap wat aan mediese skole gedoseer word, bestaan daar 'n ander onoffisiële geneeskunde in elke gemeenskap.[3] Dit is die Volksgeneeskunde. Die volk pas buitengewone, onwetenskaplike middels vol vertroue en sonder ekonomiese winsbejag toe. „Die Volksgeneeskunde is een van die mees karakteristieke openbaringsvorme van die onderkultuur van 'n volk," meen S. P. E. Boshoff.[4] Dis gebore uit die sielkundig -algemeen-menslike drang tot selfbehoud en gemeenskapshulp, en eties onderskei dit homself van kwaksalwery deur goeie trou en belangeloosheid. Vandag loop die mediese wetenskap en die volksgeneeskunde baie wyd uitmekaar. Vroeër, veral gedurende die middeleeue, was die twee baie naby mekaar, en ~~eens op 'n tyd~~ in die verlede moes beide identies gewees het onder wat ~~wat~~ ons alleen onder die benaming Volksgeneeskunde kan skaar. En tog bly daar 'n gesonde voeling tussen die twee. „Die mediese wetenskap gaan van tyd tot tyd die volksgeneesmiddels ondersoek, toets en dikwels toepas."[5] So is daar geneesmiddels soos digitalis, strophantus, ehina, coca en looisuur, wat eers deur die volk gebruik is, en later deur die mediese wetenskap ondersoek en goedgevind en bevestig is as doeltreffende geneesmiddels vir sommige kwale.[6]

Ook sleur die volksgeneeskunde altyd ouderwets agter die kultuurwetenskap aan. Vroeëre middels wat in onbruik geraak het, sak af na

---

1) Vgl. Encyclopaedie, Winkler Prins, Deel 8, p. 91.
2) t.a.p., p. 92.
3) M. A. Van Andel: „Volksgeneeskunst in Nederland", p. 5.
4) „Beskouinge en Feite", p. 97.
5) Dr. A. Coetzee: „Die Afrikaanse Denker", p. 79.
6) S. P. E. Boshoff: „Beskouinge en Feite", p. 98.

benede, na die onderkultuur. So is die volksgeneesmiddels van vandag, dikwels die mediese middels van vroeër ..... „soos die kultuurvolke in die loop van die eeue uit natuurvolke ontwikkel het, so gaan ook die wetenskaplike geneeskunde van vandag terug op die Volksgeneeskunde van die oermens."[1]

Animistiese beskouings vorm 'n grondslag van die volksgeneeskunde van die oertyd en van vandag. Die primitiewe mens stel hom 'n siekte voor as 'n aparte bose gees wat werksaam is in die aangetaste liggaamsdeel. Vir die oermens was die oorsaak van siektes onsigbaar en geheimsinnig.

In 'n ongepubliseerde artikel oor volksgeneeskuns in Suid-Afrika, wat bestem is vir die Nederlandse volkskundige blad „Eigen Volk", gee dr. Coetzee 'n historiese perspektief aan die Afrikaanse Volksgeneeskunde. Vir jare is die maatskaplike toestande in Suid-Afrika sodanig gewees dat dit besonder gunstig was vir die voortwoekering van die geneeskundige begrippe wat die koloniste met hulle meegebring het uit Nederland en die ander verskillende Europese ouerlande.

Die eerste vryburgers en daarna die grensboere, wat om transportmoeilikhede grotendeels geïsoleerd was, was van die begin af aangewese op hulle eie vindingrykheid in verband met die aanwending van geneesmiddels tydens siekte. Die ervaring wat tot kennis lei, m.a.w. die Afrikaanse Volkwetenskap i.v.m. medisyne het dus van die vroegste tye in Suid-Afrika al ontstaan. Hierop vestig ook C. Graham Botha die aandag:[2] „Oor die algemeen was die mense gesond, en op die plase het hulle selde geneeskundige hulp nodig gehad. Was dit wel die geval, dan was hulle hul eie dokter. In verhouding tot die bevolking was daar betreklik min siekte, ongetwyfeld te danke aan die suiwer lug, die eenvoudige kos en die ope-lug lewe wat hulle gelei het. Die Boere het sterk aan homeopatiese geneesmiddels geglo. Iedere huisgesin het 'n huisapteek of 'n kis Halle-medisyne wat dikwels gebruik is, besit, en slegs in ernstige gevalle is 'n dokter ingeroep. Aan die grens was so iemand onbekend, want 'n mens moes dae lank reis om hom by die naaste dorp te gaan haal. Dit het die mense soveel te meer selfstandig gemaak, en hulle het nie slegs die nut van homeopatiese middels leer ken nie, maar ook die waarde as medisyne van baie inheemse plante en kruie."

In die historiese roman „Wording" van mev. T. C. Pienaar, bls. 31, word die volgende beeld aangetref:[3] „ 'Sou die man (die geneesheer) nou regtig dink hy kan hier 'n bestaan maak?' wonder oom Adriaan besorgd, want hy weet dat die boere op die grens al geleer het om sonder die dienste van 'n dokter klaar te kom. In hierdie wêreld is elke huisvader sy eie dokter, die huisvrou die verpleegster, en die middels wat nie in

---

1) t.a.p., p. 98.
2) „Suid-Afrika, Toe en Tans", p. 81.
3) Ongepubliseerde artikel, dr. A. Coetzee.

die huisapteek bestaan nie, kry hulle tussen die kruie van die veld" - aldus oor die tydperk op die Oosgrens tussen die jare 1780 - 1815. Selfs teen die middel van die 19de eeu was maatskaplike toestande veral in die minder bevolkte gebiede van Natal, Oranje-Vrystaat en Transvaal sodanig dat die dienste van 'n geneesheer oorbodig sou gewees het. Verder, die ingebore en algemeen-Afrikaanse volkskaraktertrek om naamlik gemeenskapshulp tydens siekte aan te bied, het sy aanwesigheid nog meer oortollig gemaak. B. Spoelstra wys op geldskaarste as die vernaamste oorsaak van die wegbly van die geneesheer:[1] „Die mense (ongeveer 1875) het geen vooruitsig om in jare soveel geld te maak, dat hulle die dokter vir een keer sou kon betaal nie. Onder die ou mense was die toestande in die opsigte nie veel beter nie. Vyftig jaar gelede (ongeveer 1870) was die enigste opgeleide dokter van die hele Wes-Transvaal te Potchefstroom gevestig. Vir Lichtenburg, Bloemhof, Wolmaransstad en Potchefstroom self was nêrens die hulp van 'n gestudeerde dokter te kry nie of mens moes in die dorp Potchefstroom kom. Dit was daarom noodsaaklik dat die mense in die vroeë jare met alle moontlike siektegevalle self moes weet welke middels om te gebruik. As gekoopte medisyne ingee, en ander is nie te kry, stap oumense maar veld-toe en soek bossies ... Ook hier het ervaring slim gemaak."

By hierdie historiese oorsig hoort die bevindinge van dr. C. Pijper, wat in 1919 sy proefskrif oor die Volksgeneeskuns in die Transvaal voltooi het. Hy vestig die aandag op die feit dat die Transvaalse boer van die republikeinse dae sy eie smid, wamaker, veearts en ook sy eie geneesheer moes wees.[2] Hierdie werk is seker die eerste bewuste ondersoek in die Afrikaanse Volksgeneeskunde gewees, en Pijper is bewus dat die geneesmiddels van die boere iets is wat weinig ondersoek is. Hy het self aantekeninge gemaak en opmerkinge gedoen deur persoonlike ondervraging en ondersoek. Hy bepaal hom in sy studie uitsluitlik by die toestande in die Transvaal in die jare 1880 tot 1890. Vir Pijper is daar 'n nou verband tussen die flora van die Transvaal en die invloed daarvan op die Volksgeneeskuns. Verder is geneeskundige handeling van toepassing op 1) die sieke se eie liggaam 2) op die van vriende, en 3) bloedverwante.

Nog 'n historiese aspek van die Afrikaanse Volksgeneeskunde is die Voortrekkergeneesmiddels. Uit die dagboek van Louis Trigardt lees ons by die datum Woensdag, 15 Maart 1837 die volgende:[3] „Die nagt was Pieta zoodanig aan de koors als ik nog niet beleefd had. Heb wij hem kruijde en vlauwe asijn ingegeven, en daarna een doos alewee en toe gedekt is hij aan't sweeten geraakt, is de koorts gebroken." Die middels wat deur die Voortrekkers as medisyne aangewend is, was die dinge wat byderhand was, en dinge wat deur die ervaring getoets en goedgevind is. Uit die volgende aantekeninge van Louis Trichardt leer ons gebruike wat

1) B. Spoelstra: „Ons Volkslewe", Pretoria, 1922, P. 123 -124.

2) C. Pijper: „De Volksgeneeskunst in Transvaal", Leiden, 1919; p. 1.

3) Vgl. Pijper, bls. 50.

seker deur al die Trekkers gebruik is. So skryf Trichardt weer op Donderdag, 30 Maart 1837:[1] „Doors laat vragen om meestergoed (medisyne) dat zijn nek seer is. Laat mijn vrouw hem weet, dat hij met leeuwevet moet smeeren." Dan weer op Saterdag, 8 April 1837:[2] „Omtrind middag was Jerimias zoodanig aan die koorts, dat wij bijna alle hoop opgaf. Het duurde tot omtrind midnagt, ging de alwee pergasie an werken, die wij hem die vorige avond had ingegeven. De morgen was hij een groote deel beter." Ons weet uit 'n aantekening van Dinsdag, 9 Mei 1837 dat die volksgeloof ook in die geneesmiddels van die Voortrekkers verteenwoordig is:[3] „Had Correus hem in sijn been gekapt en de bloed wouw niet ophouden als de avond omtrind 10 uur, heb wij daar uitgebrande alwyn op gestrooid en een gienie (goue geldstuk) op gelegt; de pijn ruk onder zijn bors op tot bijna in zijn keel, dat hij geen adem halen kan, en had een brand van binnen. Heb wij een bok de keel afgesneden, en de pensmis , de water of sap daarvan uitgedrukt en hem 'n kommetjie ingegeven; sak de pijn af en de brand was geblust."

Een van die eerste aanduidings van die sonderlinge eie-Afrikaanse verskynsels van die „ou vrou" wat as geneesagent optree, vind ons in die volgende aantekening van Louis Trichardt[4]: „De nagt was mijn vrouw haar klijne kind bijna de geheele nagt door aan een soort van vloute; de morgen zei mijn vrouw dat ik Goestaf stueren moed om een weinige oude Kolonie, en Gloversauijt bij juffr. Schepers . Kwam juffrouw Schepers selfs; heb sij hem ten eersten koppiva in gegeven, - dat wouw niet helpen - daarna gloversauijt, om te sien of het niet veranderen wouw."

Heeltemal onwetenskaplik en daarom eg-volkswetenskaplik is die volgende genesende handeling waarvan Trichardt melding maak:[5] „Laurens wil voor de wiel, (van die wa) - die hem de eene over zijn banijt liep en de ander over zijn kruis, - heb wij hem op een zak met veeren geleg, en kruit en vlauwe asijn ingegeven. Op de uitspanplek klaag hij een wijnig wachten moed, zal wij hem Haarlemmer olie ingeven voor de water. Toen hij dat inhad heb wij hem met tormentijn en vet laate smeeren." Op 'n ander keer het 'n seun 'n gat in sy kop geval. Die wond is verbind, en nat tabak is daarop gelê.[6]

Die Voortrekkers het by gebrek aan geneeshere dus hulle eie volksgeneeskunde beoefen. Hulle het 'n omvangryke natuurkennis in verband met bessies en kruie gehad. Hulle het met hierdie middels dan geëksperimenteer totdat „die spyker op die kop geslaan is". Die laerkommandant het streng gesondheidsreëls vir die laer opgestel.[7]

---

1) t.a.p., p. 60.
2) t.a.p., p. 63.
3) t.a.p., p. 85.
4) t.a.p., p. 164.
5) t.a.p., p. 171; Vrydag, 25 Aug. 1837.
6) t.a.p., p. 172.
7) „Die Huisgenoot" 11/12/36 - „Raad in tyd van Siekte by die Voortrekkervrou"

Omdat hulle van die natuur gebruik gemaak het, het hulle soms ongesonde dinge geëet - byvoorbeeld: Barend en Marthinus Prinsloo het skape opgepas, en terwyl hulle eendag in die veld was, giftulpe in plaas van wit uintjies geëet.[1] Ook het Retief se span padwerkers eenkeer 'n soet maar giftige wortel geëet en om die gif teë te werk, moes hulle baie soetmelk drink.[2]

Onder die Voortrekkers was die aalwynplant 'n geliefde purgeermiddel. Kalmoes, 'n plant met geneeskragtige eienskappe, is deur hulle aangewend as gevolg van die saamtrekkende invloed op die ingewande, en dit is deur hulle teen diarree aangewend.

Teen koors is sogenaamde sweetmiddels aangewend. „Kruijd" en „vlauwe asijn" was, soos ons gesien het, vir Trichardt in sy hoedanigheid as geneesheer van die laer, onfeilbare middels. Die lyer moes ook water drink wat van aalwyn getrek is, dan moet hy goed toegemaak word om te sweet, en sodoende die koors te „breek".

Tydens 'n bevalling is soms slegs die hulp van 'n ander vrou die enigste gewees.

Daar was ook die gewone huisapteek wat in die Kaap bekend was, en natuurlik deur die Voortrekkers meegeneem is: seneblare, versterkdruppels, wit dulcis. Later het smouse die bottels wat leeg geraak het, weer kom vul.[3] Onder die middels in die huisapteek het Haarlemmerolie 'n belangrike plek ingeneem. Dit bestaan uit 'n mengsel van swael en olie, bekend as balsem van swael. Dit is een van die oudste kwaksalwermiddels en is teen die einde van die 17de eeu vervaardig deur 'n sekere Klaas Tilly. Dit het so goed verkoop dat die familie die vervaardiging daarvan voortgesit het, en as 'n mens Nicolaas de Koning Tilly van Haarlem mag glo, genees dit alles, van wurms tot alle hartkwale. As 'n mens 'n paar druppels in jou oog sit, sal jy so heldersiende word, dat jy op jou tagtigste jaar nog nie 'n bril sal hoef te dra nie.[4]

Ten slotte kan ons die middel deur Violet R. Markham, vermeld, t.w. deur die vroue in die konsentrasiekampe aangewend: „fur clipped from a cat, roasted and then applied as a remedy for bronchitis."[5]

In die volkswetenskap van elke volk is daar 'n historiese laag, asook 'n natuurlike laag. Hierdie natuurlike laag stoel op die menslike natuur in die eerste plek. Animistiese opvattinge in die volksgeneeskunde ontspruit uit die psige van die mens. Ook in die Afrikaanse Volksgeneeskunde word 'n animistiese laag aangetref. Voordat ons egter tot die verskynsels van animisme in ons volksmedisyne oorgaan, is dit nodig om eers die begrip animisme self te bepaal.

---

1) „Die Huisgenoot", 11/12/36.

2) t.a.p.

3) t.a.p.

4) „Die Huisgenoot", 22/10/37 - „Voortrekkermiddels" - petronella van Heerden.

5) „The Report of the Ladies' Commission on the Concentration Camps." - V. R. Markham, Londen, 1904; p. 72.

Een van die mees diepgaande studies oor hierdie onderwerp is seker díe van die psigoloog William McDougall. Op bladsy viii van die „Preface" lees ons:[1] „The word animism is frequently used by contemporary writers to denote what is more properly called p r i m i t i v e Animism, or primitive Anthropomorphism, namely, the belief that all natural objects which seem to exert any power of influence are moved or animated by ‚spirits' or intelligent purposive beings." 'n Grondtrek van animisme veronderstel dat alle openbaring van gedagte en lewe wat die lewendige mens van die lyk onderskei, die gevolg van werkinge in hom, wat apart van sy liggaam bestaan, is. Dit stel 'n siel voor wat die liggaam animeer, d.i. lewendig maak. Na die dood word 'n aparte wese voorgestel.

Religie en bygeloof het 'n aantal animistiese opvattinge laat voortleef in die geesteslegaat van byna elke volk. Die moderne wetenskap is geneig om hierdie opvattinge sonder meer te verfoei as bygeloof. Omdat religie en animistiese opvattinge baie ná verwant is, moet eersgenoemde verval as laasgenoemde verfoei word.

Elke volk glo aan die voortbestaan van die siel na die dood. Waar so'n geloof nie aangetref word nie, kan geestelike dekadensie maklik intree. Daarom is die volksgeloof nie iets wat intellektueel „dom" of onwetenskaplik beskou moet word nie, maar as 'n integrale versterkmiddel van die volkskultuur.

In die enger sin is animisme die teorieë in verband met psigiese konsepte, en breër van geestelike verskynsels in die algemeen.[2] Dit is 'n natuurfilosofie wat lewe toeskryf aan diere, plante, en ander natuurverskynsels. So word geglo dat die mens 'n siel het wat sy liggaam kan verlaat en binne in ander wesens vaar; sulke siele is dan onafhanklik en vry van die liggaam.[3] Die opvatting word deur die oermens gehuldig dat die siele van diere en plante op voorbeeld van menslike siele gevorm is.

Animistiese opvattinge is onder alle rasse te alle tye min of meer eenders gewees.[4] Dit skyn asof die mens iets in sy wese het wat hom alles laat voorstel wat hy buite hom in die natuur sien, in terme van sy eie innerlike bewussyn - 'n verskynsel wat herhaaldelik in die volkswetenskap aangetref word. Die handeling van animistiese toepassing, die tegniek van animisme is magie. Dit is die toepassing van animisme om beskerming teen die onbekende te verleen. Die mens het 'n posisie vrees-emosie wat hy soms oorwin deur fantasie. As hy nie die vrees oorwin nie, aanbid hy die o o r s a a k van sy vrees, die onbekende, en so skep hy religie of wetenskap.

---

1) McDougall, William: „Body and Mind, a History and a Defense of Animism", Methuen, Londen, 6de Druk, 1923.

2) Vgl. Totem and Tabao, S. Freud, Eng. Vertaling A. A. Brill, Londen, p. 125.

3) t.a.p., p. 127.

4) t. a. p. , P. 128.

Vir die landman is die twee vernaamste funksies deur die eeue gewees om 1) vrugbaarheid deur magie te bewerk, en om 2) reën te veroorsaak. Hiermee het hy 'n volksweerkunde geskep. Daar bestaan vir die primitiewe mens 'n ooreenkoms tussen handeling en gevolg en dit vorm die basis van alle magiese opvattinge in die volksgeloof.

Animisties is die oermenslike drang om 'n vyand te skaad. Jy neem van sy naels, hare en skaad dit op een of ander wyse. Dit vergoed enigiets wat jy aan sy persoon dan doen. In die Afrikaanse volksgeloof word algemeen aangeneem dat as jy byvoorbeeld warm water op 'n goëlende voorwerp gooi, die goëlaar die volgende dag op een of ander plek op sy liggaam verbrand sal wees.

Name geld in dieselfde verband. Volksnaamgewing is in die opsig ryk aan voorbeelde. Skaad jou vyand se naam, of sweer by 'n naam, en jou behoefte word vervul.[1]

In die Volksgeneeskunde is die rol van die animistiese opvattinge van die mens seker groter as op enige ander gebied van die volkswetenskap. Hier tier animisme welig voort.[2] Die kern van die animistiese geneeskundige opvatting is dat die siekte 'n wese is, 'n „bose gees" wat deur vervloeking, bespreking, verbanning, towerspreuke, inenting, oordrag of vaslegging verwyder kan word. Omdat die volksgeneeskunde op die bodem van animisme tier, hang dit ten nouste saam met die volksreligie.[3] Dit is 'n wesenlike faktor van die onderkultuur van ieder volk. Die siektes wat hier geld is veral koors, verwonding, bloeding, roos, brand, koue, jig, kramp, vallende siekte en asma.

As ons nou die talle Afrikaanse geneesmiddels ontleed, tref ons die oorsprong van sommige van hierdie middels aan by die Griekse en Romeinse kultuurtyd. Dit het duidelik ontwikkel uit die mistieke geestesaard van die mens in die eerste plek. Daarby kom die godsdienstige opvattinge van later tye, gemeng met spore van die verskillende filosofiese beskouinge gedurende sekere periodes in die geskiedenis van die wêreld. Oral word gesien dat die invloed van tradisie en naïewe geloof in die ontwikkeling van ons volksgeneeskunde groot was.

Pijper vermeld dat 'n Transvaalse raat vir bedwater by kinders as volg is: kinders wat hieraan ly, moet water drink waarin 'n streepmuis met vel en al gekook was; die streepmuis kan ook met vel en al gebraai word, en daarna moet die kind dit eet.[4] Natuurlik sal 'n kind wars wees van so'n middel, maar dit is dan ook presies 'n animistiese verskynsel wat aan so'n raat kan oorsprong gee. Deur die kind iets onaangenaams in te gee, sal dit die „gees", wat die bedwatering veroorsaak, verdryf. Een bose gees moet die ander een verwyder! Eg volks en daarom prakties is hierdie raat ook. Een so'n ondervinding sal die kind deur outo-suggestie so kondisioneer dat sy kwaal stopgesit word.

---

1) t.a.p., p. 136.

3) Schrijnen, p. 334.

2) Abel Coetzee: „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 153.

4) Pijper, p. 12.

Ons sien ook 'n animistiese grondslag in die volgende raat teen beroerte: die lyer se hande en polse word in warm asyn gehou en moet die rook inadem van brandende hoendervere.[1] Die idee van die rook wat die onbekende oorsaak van beroerte moet heel, berus duidelik op 'n animistiese grondslag.

Animistiese handeling of magie het ongetwyfeld aanleiding gegee tot die ontstaan van die volgende raat: vir borskwale het die boere in die Transvaal 'n hemp van swart symateriaal teen die liggaam gedra, totdat dit vanself afval.[2] Die swart kleur— simbolies van towery en die onbekende - is 'n opsigtelike magiese verskynsel hier.

Om geelsug te verwyder, moet die lyer op gars water en die gars dan aan hoenders voer in die vertroue dat die geelsug op hulle sal oorgaan. Hier het ons weer animisme ten grondslag van 'n magiese handeling.[3]

In baie Afrikaanse volksgeneesmiddels is, volgens verwagte, spore van 'n Nederlandse legaat aan te toon. „Het volk kent nog veel heelmiddelen uit het oude vaderland", skryf F. Th. Schonken[4]. Hy het naamlik opgemerk dat b e s w e r i n g in die geneespraktyk in Suid-Afrika ooreenkoms met die Nederlandse metodes vertoon. So word tandpyn verwyder deur die koloniste deur die duiwel hard aan te spreek.[5] Beswering as magiese handeling is 'n algemeen-menslike animistiese verskynsel. Schrijnen sien naas animistiese elemente ook Christelike elemente hierin.[6] Die p ersoon wat optree as besweerder, is tot 'n mate 'n soort towernaar wat sy kuns op ander kan oorlewer. Die getalle 3 en 7 is van baie groot magiese belang by alle bespreking. Verder is die tyd, wanneer daar bespreek moet word, van die allergrootste belang. Vóór sonop, of met nuwe of afnemende maan moet die bespreker sy kuns uitoefen om die beste gevolge te verkry.[7] In Nederland bestaan daar die volgende besprekingsformule ter genesing van brandwonde:

„Ons' Heere Jesus kwam aldaar gegaan,
Hij vand er een kindeke in brande staan.
Hij nam het in Zijne gebenedijden hand
Een bluschte den gebenedijden brand.
En 't en zwaer noch 't en zwol
En ik hoop in Jezus' naam, dat 't ook niet doen en zol."

In die gebruik van die woord „gebenedijden" kan ons die sfeer van die die middeleeuse priester erken. En tog is dit twyfelagtig of die Christelikheid nie slegs 'n dun vernis is nie, en of die eintlike spore van

---

1) Ibid, p. 13.
2) Ibid., p. 14.
3) Ibid., p. 14.
4) Schonken, F. Th.: „De Oorsprong der Kaapsch-Hollandsche Volksoverleveringen", p. 68.
5) Ibid., p. 68 - 69.
6) Schrijnen, Deel II, p. 336.
7) Ibid., p. 336.

sulke towerformules nie na Oudgermaanse en Oudindiese grond teruggevoer moet word nie.

In die Engelse volksgeneeskunde tref ons 'n dergelike verskynsel aan in die bespreking van die hik:

„Hickup, hickup, go away,
Come again another day:
Hickup, hickup, when I bake,
I'll give to you a butter cake."[1]

Die volksopvatting maak duidelik voorsiening vir wat ons 'n siekteduiwel kan noem. In ons eie volkstradisie het die aministiese bespreking van so'n „duiwel" of „gees" 'n groot rol. Daar is duisende mense in Suid-Afrika wat hulle siektes nog laat bespreek. Pijper gee 'n uiteensetting van bespreking op Afrikaanse gebied. Die volksopvatting is dat nie elkeen die kuns van bespreking kan aanleer nie. Wie wel moet leer moet 'n eed van geheimhouding sweer. 'n Man kan die kuns aanleer van 'n vrou en omgekeerd. Wie dit dan geleer het, is byvoorbeeld in staat om 'n voël op 'n tak te laat vassit, of 'n mens op 'n stoel, of hy kan deur middel van 'n towerspreuk 'n lyer van tandpyn genees.

Aan die bespreker moet die lyer sewe pille gee, liefs swartes. Daarna sê jy sy volle naam hardop en duidelik. Dan bespreek hy die siekte, en vir 'n rukkie na sy bespreking peins die bespreker. Vervolgens drink die lyer die sewe pille, in die geloof dat die seer tand weldra sal uitval. Dit moet egter verniet gedoen word, want as geld daarvoor gevra word, verydel dit die krag van die bespreking.[2]

Alhoewel skematies, is bogemelde tog genoegsame voorbeeld van die bespreker in die Afrikaanse Volksgeneeskunde. Pijper vermeld verder dat bloedinge ook bespreek is onder die Transvalers. Sommige besprekers is byvoorbeeld so bedrewe in hulle kuns dat hulle 'n voël se keel kan afsny sonder dat dit bloei. Soms word die gebed „Onse Vader" agterstevoor opgesê by 'n bespreking. As die bespreker verwant is aan die besprokene, sal die bespreking nie „werk" nie, en hy het ook geen mag teenoor iemand met 'n klawerblad in sy sak nie; so'n persoon kan op geen wyse betower word nie.[3]

Name van aandoeninge soos douwurm, haarwurm en ringwurm berus duidelik op animisme. So ook die opvatting dat 'n wurm tandpyn veroorsaak, bv. die woorde „my tand knaag", lê hierdie opvatting onbewus bloot.[4]

Nog 'n animistiese opvatting wat in die Afrikaanse Volksgeneeskunde aangetref word, is s i m p a t i e . Dis die gebruik van middels wat deur hul aantal, aard, kleur, naam, vorm, veronderstel word om in die een of ander kousaliteitsverband met die kwaal te staan.[5] In hierdie verband word g i f b l a r e gebruik in gevalle van v e r g i f t i g i n g ; gemaalde lintwurm word gebruik vir ingewandswurms; kruise-

1) Dyer, T. F. T.: „English Folklore", p. 148.
2) Vgl. Pijper, p. 10.
3) Do.
4) Vgl. Boshoff: „Beskouinge en Feite", p. 99 - 100.
5) Vgl. Boshoff, p. 102.

mint word aangewend teen pyn in die kruis, hasesop teen roos, ruitersalf teen ruit, geelwortels teen geelsug, rooibeet teen bloedarmoede. Hier is die blote ooreenkoms tussen die naam van die siekte en die naam van die middel die simpatieke basis.

Uit die aanwending van plante in die volksgeneeskuns, blyk dit dat daar vir die volksmens 'n geheime simpatie bestaan tussen mens en plant. So kan 'n lyer se siekte byvoorbeeld volgens die volksopvatting op 'n plant oorgedra word. Die plant word dan begrawe of iewers versteek of weggegooi, en daarmee, volgens die volksgeloof, sal die siekte ook verdwyn.[1] Daarom kan die roos byvoorbeeld met vrug aangewend word teen die huidaandoening van dieselfde naam. Volgens die algemene simpatieke animistiese volksdenke, bestaan gal in saffraan en sitroensap, bloed en rose.[2]

Ooreenkoms tussen 'n plant en 'n menslike liggaamsdeel, gee vir die volksmens aanleiding tot die opvatting dat so'n plant bepaalde geneeskragtige eienskappe in verband met die bepaalde liggaamsdeel besit.

Ook bestaan daar 'n verband in die volksdenke tussen die wese van 'n siekte en die geneesmiddel wat daarvoor aangewend word. Volgens Schrijnen moet hierdie verskynsel in die mens se animistiese aard en denke saamhang met 'n ander element in die natuur van die mens: sy simboliese denkwyse.[3] So sien die volksmens verband tussen die kwaal en die geneesmiddel op grond van die o o r s a a k van die siekte: om 'n bytplek deur 'n hond veroorsaak, te genees, moet hondehare in die wond ingevryf word. Ook kan die k l e u r van 'n siekte simboliese waarde in die genesing hê: geelkleurige plante word teen geelsug aangewend, of rooibeet teen bloedspuwing. Verder kan die v o r m van 'n liggaamsdeel en die geneesmiddel simpatieke verband hou met die genesing: longkruid word aangewend teen longkwale, of die plant hondstong word aangewend om wonde te genees wat deur 'n dol hond veroorsaak is. Eindelik kan die blote naam die animistiese aard van die mens besiel om die volgende kousaliteitsverband voor te stel: koekmakranka word gebruik vir kanker, of die kankerbossie word vir dieselfde kwaal aangewend.[4] Uit die volksgeneesmetodes blyk dit derhalwe dat die nie-kultuurmens na die oorsaak van enige verskynsel soek in iets persoonliks, onmiddelliks en tasbaars van buite aangebring. Oorsaak en gevolg word op 'n volkskundige wyse interpreteer, en sodoende word volkswetenskap geskep. Daarmee word volksmedisyne byna toegepaste magie. Die volksmens probeer die „gees" van die siekte deur skerpsinnigheid verlei. Baie middels stel hulle meer ten doel om ontslae te raak van die kwaal as om dit wetenskaplik te heel. Die gebiede van animisme en magie is die aangewese toevlugsoorde vir die volksmens as sy redeneervermoë ontbreek.

---

1) De Waal, dr. M.: „Nederlandsche Land- en Tuinbougewassen in de Volksgeneeskunst", p. 27.

2) De Waal, p. 29.

3) Schrijnen, p. 336.

4) Schrijnen, p. 340.

Simpaties is ook die volgende middel teen geelsug: sewe korrels ryp gars word in 'n kind se luier geplaas sodat die daarop kan water; daarna word die gars aan die hoenders gegee. Hulle sal dan die nuwe agente van die geelsug word. Vir sinkings is 'n Afrikaanse middel die begrae van die hare en naels van die lyer.[1]

Simpaties is die smeer van slakslym op 'n vrat; die slak word dan opgehang, en na mate dit verdroog, sal die vrat verdwyn.[2] Nog 'n middel wat simpaties is, is die afvee van 'n pitseer of sweer met 'n muis of stuk skaaplewer; dit word dan weggegooi in die vertroue dat albei saam sal wegdroog.

Die opvatting dat betrokke koeie se spene sal bars as die melk van daardie koeie oorkook, is eweneens simpaties. Dit is ook van toepassing op die geloof dat, as jy lemoenskille in die vuur gooi, gaan die boom dood. In die magiese handeling van inenting in die volksgeloof word daar 'n gelyke aantal knope in 'n stukkie gare gemaak was wat 'n lyer vratte het; die gare word weggegooi en daarmee sal die vratte verwyser wees. Die bloed van 'n vrat word aan 'n mieliepit gesmeer en dit word dan aan die hoenders gevoer. Op hierdie wyse word die vratte op die hoenders oorgedra.[3]

Verbasend is die uitgestrekte voorkome van simpatie op hierdie gebied. Die hele volksgeneeskunde word feitlik daardeur beheers. Die oorsaak van die ontstaan van simpatie moet waarskynlik verklaar word as 'n skepping wat uit die primitiewe gevoel van die mens ontstaan het. Vir 'n swak maag is die Afrikaanse middel 'n korhaanmaag; om 'n kind te help om tande gemaklik te kry, moet sy vader gaatjies boor in 'n aantal skaaptande en om die kind se nek hang. Vir 'n breuk moet eierolie ingeneem of op die plek gesmeer word; hier is die vleis van die eier die waarskynlike simpatiese beginsel. Dan is daar in die Afrikaanse Volksgeneeskunde die opvatting dat „gelyk genees gelyk", dit wil sê vir hondebyt word die hare van dieselfde hond , wat die wond veroorsaak het, in die wond ingevryf. Verder word in gevalle van verbranding die blase oor vuur gehou, of iemand se naels mag nie net na 'n siekbed afgeknip word nie uit vrees dat die siekte weer sal hervat.[4]

Simpaties is die volgende geneesmetode vir vratte: neem 'n druppel bloed van een van die grootste vratte en smeer dit onder die bas van 'n vyeboom, en oor 'n week sal al die vratjies weg wees.[5]

Soms lyk sulke middels in die volksgebruik sinneloos, maar 'n vergelyking van dieselfde verskynsels onder verskillende volke lewer bewys van 'n tema van ooreenkoms wat nie toevallig kan wees nie. Punte van ooreenkoms wa die siele en gedagtelewens van volke laat 'n mens dink dat daar groepe menslike samelewings voorkom, omdat daar sekere lae is wat op dieselfde geestelike peil staan, en immers al vir eeue daar ge-

---

1) Ongepubliseerde artikel van dr. A. Coetzee.

2) Vgl. dr. A. Coetzee: „Die Afrikaanse Volksgeloof", p. 157.

3) Ibid., p. 157.

4) Ibid.

5) „Die Huisgenoot", 10/4/31 - V r a t j i e s deur F. F. Erasmus.

staan het. Dit werp lig op die leefwyse van die vroegste menslike gemeenskapslewe. So oud soos die mensheid self is dan ook die opvattings in verband met die Volksgeneeskunde. Dr. M. A. van Andel merk in hierdie verband op: „Uit de hier meegedeelde voorbeelden blijkt een merkwaardige gelijkvormigheid in de geneeskundige gebruiken van volkeren van geheel verschillende oorsprong en woonplaats, die vrij zeker geen enkel punt van aanraking met elkaar hebben gehad. Daar een dergelijke overeenkomst geen uitsondering is, maar in talrijke gevallen voorkomt, mag men besluiten, dat de menschelijke geest, in een bepaald tijdperk van zijn ontwikkeling, op vrijwel dezelfde wijze de vragen, die zich aan hem opdringen, beantwoordt en dat een kritische beschouwing van de volksgeneeskunst van natuur zoowels als van kultuurvolkeren een niet te verwaarloozen bijdrage tot de volkspsigologie en de ontwikkelingsgeschiedenis van het menschelijk denken kan leveren.[1]

Dit is veral na aanleiding van sulke woorde dat ons ons sterkste argument vind om te bewys dat ons wel van 'n Afrikaanse volksiel kan praat. Die feit dat op ons eie bodem alreeds soveel dinge ontstaan het wat deur dr. S. P. E. Boshoff „eiegoed" genoem is, lewer bewys van die feit dat ons volk se gees alreeds geopenbaar, blootgelê is in 'n hele legaat geestesgoedere wat vanaf 1652 dagteken. Daarom is dit ons taak om 'n interpretasie van die Afrikaanse volksmens se geestelike legaat te doen, om sodoende die Afrikaanse volksiel te bepaal.

Uit algemeen-menslike animistiese opvattinge ontstaan dus die oermenslike op vattinge in verband met simpatie, magie, towery, beswering, oordrag, ensovoorts, en animisme lê ten grondslag van al die verskynsels wat 'n volksgees openbaar. Ons bepaal die Afrikaanse volksiel dus deur in die eerste plek 'n studie te maak van die openbaringsvorme van daardie siel - hier die volkswetenskap. In hierdie lig kan die belangrikheid van animisme as onderliggende faktor van die volksgees nie maklik oorskat word nie.

Hierdie naïewe menslikheid spreek duidelik uit die behandeling van breuke. Die lyer word sewe keer deur die mik van 'n boom getel, vier keer in een rigting, en drie keer in 'n ander. Eers word die mik egter geskeur. Nadat die pasiënt deurgetel is, word dit vasgebind. As die mik weer aangroei, sal die pasiënt gesond word.

In beide die Nederlandse en die Afrikaanse Volksgeneeskunde word die elemente van V e r b i n d i n g , V e r b a n n i n g e n O o r d r a g aangetref. Hierdie opvattinge berus ook op animisme. Die opvatting word in die volksgeneeskunde aangetref dat 'n kwaal oorgedra kan word op 'n ander wese of element wat dan nie daardeur in enige opsig die minste skade kan ly nie, en die lyer word terselfdertyd ook van die kwaal genees. Eienaardig is bome by uitstek die „goeie geeste" wat stom en geduldig die kwaad oorneem. In Nederland heers die opvatting dat koors genees kan word deur die vingernael tot in die lewe te sny,

---

1) Van Andel, dr. M. A. : „Klassieke Wondermiddelen", p. 65.

en die bloed daarvan teen die vog van 'n boom te druk, en dan neem die boom die koors oor.[1]

Koors kan ook „afgebind" word. 'n Lap of kous van die sieke word om die boom gebind, en hy moet dan van die plek van sy daad af wegloop sonder om om te kyk.[2]

Koors kan ook met spykers in 'n boom ingeslaan word, of iets van die lyer kan verbrand, weggegooi, in die grond begrawe, in die water gegooi, of bloot net „afgeskrywe" word. So word in Zevenhuizen met kryt op die deur geskrywe: „Koorts, ik ben niet thuis." Hiermee word die „gees" wat die koors veroorsaak dan om die bos gelei. 'n Eienaardige verskynsel in die volkswetenskap is die neiging van die volksmens om deur middel van skerpsinnigheid sy wil deur te voer. Die jakkals-figuur in die dierestorie is waarskynlik 'n inkarnasie hiervan. Juis om sy geestesminderwaardigheid te bedek, skep die volksmens onbewus 'n ideaal wat die teenoorgestelde van sy geestelike leemte is. In die volgende Nederlandse rympie deur Schrijnen aangegee, sien ons dieselfde neiging van die volksmens om imponerend te wees:

„Koorts, koorts, ik ben niet thuis,
Ga maar naar een ander huis."[3]

In Deventer dien die volgende rympie om die hik te genees:

„'K Heb de hik
'K Heb ze prik
'K Heb ze nouw
'K Geef ze aan jou" (die maan),

en uit Venlo kry ons:

„Ik heb den hik
Ik heb de pik
Ik gêf um aan 'n naberman,
Dê 't goed verdrage kan." [4]

Schonken het dieselfde verskynsel onder die Kaapse Afrikaners aangetref. Die opvatting bestaan naamlik dat die hik oorgaan as die lyer beskuldig word dat hy iets gesteel het. Verder moet hierdie formule sewe maal opgesê word:

„Die hik en ik gaan oor die see,
die hik bly daar
en ik kom weer."

„Arts" skryf in „Die Naweek"[5] oor die proses van „afbinding" deur 'n tipiese Afrikaanse „ou vrou" of medisynevrou, verrig: „Een van haar behandelings vir vallende siekte was dat sy 'n lang, nou sakkie soos 'n derm van skoon wit linne gemaak het. Dan het sy naby die onderste end daarvan iets in die sakkie gesit, iets oor die sakkie geprewel en dan

---

1) Schrijnen, p. 338.
2) t.a.p.
3) Schrijnen, p. 339.
4) Ibid., p. 339 - 340.
5) Donderdag, 11/3/43.

in die „derm' 'n knoop gemaak wat die artikeltjie, wat sy daarin gesit het, vasgeknoop het. So het sy met gedurige prewel sewe knope, - let wel, weer sewe, - in die linnedermpie gemaak. In elke knoop was iets anders.

„Ek het so'n band oopgemaak. In een knoop was duiwelsdrek, in een was klipsweet, in drie was papiertjies met towerformules daarop geskryf, en twee kon ek nie herken nie. Die band het sy met die sewe knope daarin vasgewerk om die klein pasiënt se nek, waar dit moes bly tot dit self afval. Dit sou dan die vallende siekte genees, as iemand dit nie ondersoek of afhaal nie."

Ons voorvaders het uit alle dele van Europa hierheen gekom en hul mediese rate en tradisies uit alle dele van Europa hierheen oorgeplant. Daarom kan die opspoor van hierdie verskynsels in die Afrikaanse Volkskunde 'n interessante lig werp op die ontwikkeling van ons eie nasionale kulturele lewe. Hierdie belang word verskerp as ons onthou dat ons voorouers nie kon help om met die gevestigde barbaarse beskawing in aanraking te kom nie. Hulle moes hulle eie medisyne, rate en gelowe ontwerp. Daar is dikwels 'n groot stuk volksgeskiedenis weggesteek in die geskiedenis van ons, of enige, volksmedisyne. Toordery, magie, bygeloof, religie en die invloede van ander volke dra almal hulle deel by tot die ontwikkeling van ons Afrikaanse volksmedisyne. As die mens siek is, gryp hy om die redes van pure selfbehoud na enige middel wat hy maar in die hande kan kry. 'n Studie van Afrikaanse Volksmedisyne sal vir ons 'n grondiger kennis gee van ons eie Afrikaanse volkskultuur as enige ander enkele onderwerp. Volksmedisyne het nie net één kring of stand geraak nie, maar alle stande van ons voorouers, ryk en arm.

'n Reste van genesing deur oordrag word gevind in die middel vir maagpyn wat Pijper opgeteken het.[1] 'n Brandende kersie word op die maag van die pasiënt geplaas op die plek waar die pyn voorkom. 'n Drinkglas word oor die kers heen geplaas; dit sal eers vassuig, en later sal dit afval en daarmee sal die pyn ook verdwyn. Die veronderstelling is natuurlik dat die kers die pyn oorneem. So'n raat is 'n blyk van die naïewe domheid van die volk wat uit die aard van sy mistieke gees na enigiets gryp sonder om dit aan logiese redenasie te onderwerp.

Pampoentjies (parotis epidemica) word ook op grondslag van oordrag en afbinding genees. 'n Kous word naamlik gevul met warm as en dit word om die hals van die sieke gebind. Daarby is die middel nie eers naby die kliere wat verswel het nie, dog die volksverbeelding vind in sy liggelowigheid genoegsame vergoeding vir sy gebrek aan wetenskaplike logika.

Reste van verbinding as animistiese handeling in die volksgeneeskunde, is die talle rate wat aangewend word teen rumatiek. Een raat is om koper op die vel by die seer plek te dra. Hier moet die koper natuurlik die kern van die aandoening „oorneem". Ook word bande van slang-

1) Pijper, p. 18.

of likkewaanvel gemaak en om die plekke waar die pyn is, gedra. Verder word bande van nuwe linne met swawel daarin aangewend, of die vel van 'n wildekat word teen die lyf gedra.[1] In al hierdie gevalle veronderstel die volk dat die band die „gees" of essensie van die kwaal sal „uittrek" en dat dit sodoende van die lyer sal oorgaan op die middel.

By die behandeling van spit (Eng. lumbago), moet die pasiënt kniel en goed vooroor buig en dan word 'n stuk flennie op sy rug gelê en daaroor word met 'n warm strykyster gestryk.[2] Dit is hier ook 'n geval van oordrag. Volgens 'n soort van magiese handeling word die pasiënt van die aandoening bevry.

Op dieselfde beginsel berus die raat vir ylhoofdigheid. Yling in koors word volgens die volksopvatting verhoed deur wilde venkel in die kopkussing te plaas. Die ylhoofdige moet dan met sy kop daarop rus. Ook word doeke waarin broodkrummels, wat met asyn natgemaak is, teen die voetsole aangebring.[3]

In gevalle van sinkings in die hoof word oordragtelike middels ook aangewend. Goue ringe moet in sulke gevalle in die ore gedra word. Bande, waarin duiwelsdrek is, word om die hals gedraai. As die sinkings aan die verdwyn is, sal 'n perdetand om die nek gedra, dit wegneem.[4]

In die Afrikaanse Volksgeneeskunde is die behandeling van tandpyn, - 'n kwaal wat dikwels voorkom - 'n weerspieëling van die volksdenke. Die animistiese oorsaak van die middels wat hier toegepas word, is die geloof dat tandpyn deur 'n wurm veroorsaak word. Om die wurm dan dood te kry, moet kruienaeltjies gerook word soos tabak. Om die krag van die wurm af te weer, moet 'n dubbeltjie (geldstuk) aan 'n toutjie om die hals gedra word. Maar daar is nog ander rate ook vir die genesing van tandpyn. Met 'n draad sygare word stukkies duiwelsdrek en pypswawel vasgebind. Iemand anders moet nou die band om die lyer se nek sit. Die band moet só gedra word totdat dit afvrot en die pyn verdwyn.[5]

In die naam van die huidaandoening douwurm (herpes tansurans), skuil alreeds 'n animistiese opvatting. Die aandoening word naamlik veroorsaak deur 'n „wurm" in die volksgeloof. Volgens magiese handeling moet dit dan ook genees word. Die lyer moet 'n sirkelbeweging om die seer plek met 'n stafie tin maak. 'n Tweede middel is meer simpaties. Hiervolgens word sewe kepe in 'n vyelat gemaak, wat bokant die seer gemaak is. Daarna word die lat weggegooi.[6]

In die behandeling van fyt het ons 'n egte Afrikaanse volksgenees-

---

1) Pijper, p. 21.
2) Ibid., p. 22.
3) Pijper, p. 24.
4) Ibid.,p. 25.
5) Ibid., p. 27.
6) Ibid., p. 37.

**Author** Hudson Charles William
**Name of thesis** Die Afrikaanse Volkswetenskap. 1943

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.